

HOOFSTUK V.SKOLE TYDENS DIE OORLOG 1899 - 1902.1. Toestande na die Begin van die Oorlog.(a) Politieke Moeilikhede voor die Oorlog.

Daar was 'n menigte klagtes van die uitlanders teen die Republikeinse Regering.(1) Die klagtes op onderwysgebied het gegroei na die ondergang van die Johannesburgse Skoolraad in 1897. Dat net Hollanders hoofde van die nuwe staatskole kon word, omdat hulle die enigste behoorlik gekwalifiseerde onderwysers was, het die uitlanderkinders in die rigting van die „Council of Education" gedryf, terwyl Afrikaanse onderwysers gepoog het om die Hollanderinvloed te beveg.(2) Na die Bloemfontein Konferensie, toe president Kruger lord Milner ontmoet het, is besef dat daar geen ander uitkoms as oorlog sou wees nie, want nóg die president, nóg Milner wou in die minste kopgee. Die eis om stemreg na vyf jaar verblyf was nie na die sin van Kruger nie. Die Republiek het op 12 Junie 1899 die nuwe wetgewing bekend gemaak, waarvolgens uitlanders na sewe jaar stemreg sou kon kry, waarteen Milner geprotesteer het.(3)

Die uitlanders, asook die Transvalers, het besef dat daar maar net een uitweg was. Alhoewel die Regering bereid was om toe te gee deur aan die goudvelde vyf setels

in/

(1) In C 9317 van 1899, 6, is aangedui dat Johannesburg ontevrede was oor die onwettige drankhandel, steel van goud, nuwe belasting op winste, die rioolkonsessie uitgereik aan 'n Regeringsondersteuner en **moeilikhede** met die werf van natuurlike-arbeid. Die dinamiet-monopolie het ook bygedra.

(2) a. Walker: History of South Africa, 478.
b. Malherbe: Education in South Africa, 273.

(3) Walker: Ibid., 482.

in elk van die Volksrade toe te ken, dus aan die uitlanders, het Milner aangedui dat toegewing nie tevredenheid sou verskaf nie.(1)

In Augustus 1899, na besprekings tussen dr. J.C. Smuts en die Britse Agent, Conyngham Greene, het die Regering besluit om gedeeltelik aan die eise van die uitlanders toe te gee. Daar is voorgestel dat stemreg aan die uitlanders gegee sou word na 'n verblyf van vyf jaar in die Transvaal. Die aanbod sou eers deur die Volksraad behandel word, nadat dit deur die Regering goedgekeur is. Die aanbod was vir die Britse Regering aanneemlik, maar sekere klousules wat geëis het dat die Regering sy eis van suveriniteit moes laat vaar, dat hulle nie moet inmeng met die binnelandse sake van die Republiek nie en dat kleinere sakies aan arbitrasie oorgelaat moes word, kon hulle nie aanvaar nie.(2) Chamberlain se antwoord op die aanbod het Pretoria bereik terwyl die Volksraad gesit het en met maatreëls besig was soos die oormak van myngronde aan die staat, die konfiskering van die uitlanders se besittings wat aan verraad skuldig bevind is, asook die kansellering van alle reg van appél na die hof volgens die Verbanningswet. Die gevolg was dat die spanning nog groter geword het.(3) Die Volksraad het onmiddellik teruggegaan en geëis dat sewe jaar verblyf vir stemreg nodig was en om 'n ondersoek gevra. Die Engelse Regering was nie geneë om deel te neem aan die voorgestelde ondersoek nie, en hulle die reg toegeëien, as die Smuts-Greene-voorstelle nie vrugte afwerp nie, om die toestand de novo te oorweeg en hulle eie voorstelle vir 'n oplossing te vind.(4) Die

Britte/

(1) Walker: History of South Africa, 483.

(2) Ibid., 485.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

Britte het troepe begin byeenbring. Baden Powell het in Bechuanaland en Rhodesië troepe gewerf. Pretoria het die antwoord van Chamberlain as 'n ultimatum beskou en toe die nuus ontvang is dat 10,000 troepe na Suid-Afrika van Indië en die Middellandse See-gebied kom, is oorlog definitief verwag.(1) Op 26 September 1899 het Transvaal besluit om aan te val. 'n Ultimatum is opgestel maar nie voor die middag van 9 Oktober gestuur nie, en oorlog het op 12 Oktober op Kraaipan begin.(2)

Die oorlog wat twee en 'n half jaar geduur het, het twee fases deurgemaak. Die tydperk van gewone oorlogvoer het met die anneksasie van die Transvaal in September 1900 geëindig. Daarna het 'n tydperk van guerillaoorlog gevolg, wat beskou is as 'n „exasperating interruption of the civil work of reconstruction" wat in Mei 1902 geëindig het.

(b) Toestande in Johannesburg.

(i) Vertrek van Uitlanders. Toe die uitlanders besef dat die toestand in die Transvaal vererger het en dat 'n oorlog op hande was, het hulle na gebiede buite die Transvaal vertrek waar hulle tydens die oorlog veilig kon wees. Die Engelse in Johannesburg is tot 13 Oktober 1899 tyd gegee om die Goudstad te verlaat. Diegene wat nie kon bekostig om te reis nie, sou deur middel van gekommandeerde treine gehelp word.(3) Die laaste treine wat uitlanders uit die Transvaal sou neem, het op 17 Oktober 1899 vertrek toe 3,500 Johannesburg verlaat het.(4)

Buiten/

(1) Walker: History of South Africa, 485.

(2) Ibid.

(3) Standard and Diggers News, 13 Oktober 1891.
 "Great stampede. Train to Lourenco Marques over 1,000 passengers. Travelling in open trucks to get away. 1,400 left on the 12th." Hooflyne in bostaande nuusblad.

(4) Standard and Diggers News, 17 Oktober 1899.

Buiten die wat toestemming gekry het om in Johannesburg te bly, het al die uitlanders vertrek. Diegene wat gebly het, het of Regeringsdienste aanvaar of hulp in die vorm van hospitaal en kerklike werk verleen.

(ii) Reëlings vir Rus en Orde. Die dag na die uitbreek van die oorlog is Johannesburg in wyke verdeel, wat onder die beheer van 'n sub-komitee vir Rus en Orde gestaan het. Die sub-komitee moes 'n behoorlike lys van die verskillende bewoonde en onbewoonde geboue in hul afdeling opstel, asook van die persone daarin woonagtig. Die sub-komitee het die reg besit om mense op te roep of te kommandeer om werk te doen. Reëlings is getref om kos aan behoeftiges te voorsien.(1) Myne is gesluit soos Bonanza en Crown Mines.(2) 'n Spesiale burgerlike polisie is in die lewe geroep.(3)

Die „Standard and Diggers News" het 'n artikel uit „De Volkstem" oorgeneem waarin die Engelse oor die oorlog betig is: „Besides Boers and burghers, Germans, Americans, French, Belgians, Swedes, Norwegians, Danes, Italians, Hollanders, Swiss and Cape Afrikanders who are able to fight, have gone to the borders to defend the independence of the country. It is evident that all these Uitlanders have no grievances and that only the English seem to be suffering. But even of English subjects not a few have taken the oath of allegiance to this Republic and many are grieving at having been misled by the capitalist Jingoese."(4)

Krygswet/

(1) Standard and Diggers News, 13 Oktober 1899.
Kennisgeving - Regeeringskommissie Rust en Orde.

(2) Ibid.

(3) Ibid. Jan van Bruggen was een van die Spesiale Burgerlike Polisie.

(4) Standard and Diggers News, 13 Oktober 1899.

Krygswet No. 20 van 1899, is in die Staatscourant van 14 Oktober 1899 gepubliseer.(1) Sodra die komitees van Rus en Orde behoorlik gefunksioneer en die lewe weer normaal begin word het, is die myne onder die beheer van die Regeering heropen.(2)

(iii) Die Invloed van die Oorlog op die Skole.

In die Staatscourant van 3 Oktober 1899 is bekend gemaak dat alle Staats- en gesubsidieerde skole tot nadere kennisgewing sou sluit. Onderwysers sou volgens 'n tarief besoldig word bv. 'n getroude hoof sou £10.0.0 per maand ontvang.

Die eerste aanduiding van die sluiting van skole ontvang ons van W. Fourie van die Ebenhaezerskool, Troyeville, wat besluit het om sy skool gedurende die tyd van dreigende oorlog te sluit. Die skool het op 9 Oktober gesluit waarna hy homself by die Ambulanskorps gaan aanmeld het. Tot tyd en wyl hy vir oorlogsdienste opgeroep is, het hy 'n betrekking as klerk in die wagkantoor van die spesiale Polisie, wyk Jeppestown aanvaar.(3)

Die telegram wat aan die skole op 3 Oktober gestuur is en wat soos volg lui: „Regeering besloot heden alle skoolen tijdelijk te sluiten, onderwijzers en onderwijzeressen moeten zich ten dienste van het land stellen,”(4) het daartoe gelei dat die President Staatskool (met Engelsmedium) op 6 Oktober gesluit is. Alle staatskole

in/

(1) Standard and Diggers News, 16 Oktober 1899.

(2) Ibid., 19 en 25 Oktober 1899.
By die 25ste het die Bonanza, Robinson, Ferreira, Village Main, Ferreira Deep, Worcester en Pioneer myne heropen.

(3) OR 16939/99, Wm. Fourie - Dept. van Onderwys, 11 Okt. 1899.

(4) OR 16850/99, H. Scholtens - Dept. van Onderwys, 12 Oktober 1899.

in Johannesburg is na die ontvangs van die telegram gesluit, buiten die skole op Vrededorp en Braamfontein, omdat die nie duidelik was waarom die skole gesluit moes word nie.(1) Op 9 Oktober 1899 is die heer Scholtens van die President-skool as sekretaris van die Regeringskommissie vir Rus en Orde in Braamfontein ingesweer.(2)

Van Bruggen het sy staatskool in Markstraat op 4 Oktober gesluit, en op 10 Oktober is hy tot lid van die kommissie van Rus en Orde vir Johannesburg-Oos benoem.(3) Die ouers was nie met die toestande tevrede nie, want die kinders het weens die sluiting van skole doelloos rondgeloop. Sommige skole soos die van Cillie, die Verenigde Kerkskool(4) op Fordsburg en Floor, die Bultskool van die Z.A.S.M.(5) het nie gesluit nie, maar met hulle werk voortgegaan. Van Bruggen meld dat ouers gebruik maak van die kans deur die Z.A.S.M. vir gereelde onderwys aangebied. In belang van sy skool voel hy dit is noodsaaklik dat die skool, al is dit as 'n privaatskool beskou, onder sy leiding moes voer gaan, solank dit moontlik was.(6)

Wat die private skole betref, het die Rooms-Katolieke skole hulle onder die beskerming van Frankryk geplaas. Die Franse konsul in Johannesburg het aangebied om die „Marist Brother's College" en die ander Rooms-

Katolieke/

-
- (1) OR 16850/99, H. Scholtens - Dept. van Onderwys, 12 Oktober 1899. Scholtens meld die van Van Bruggen, De Wit en Thomassen.
- (2) OR 16850/99, E. Scholtens - Dept. van Onderwys, 12 Okt. 1899.
- (3) OR 16889/99, J. van Bruggen - Dr. Mansvelt, 13 Okt. 1899.
- (4) OR 17559/99, T.M. de Waal - Dr. N. Mansvelt, 20 Jan. 1899. Skryf dat die skool van Cillie gesluit is op 6 Nov. 1899.
- (5) OR 16957/99, J. van Bruggen - Dr. Mansvelt, 16 Okt. 1899.
- (6) Ibid.

Katolieke inrigtings onder die Franse beskerming aan die Regering vir hospitale oor te maak wat van beddens en ander toebehore deur die konsulaat voorsien sou word.(1) Die Jeppestown Grammarskool, wat nou deur die plaaslike ouers gereël is, moes ook sluit, want op 14 Oktober 1899, twee dae na die begin van die oorlog, was daar nog een kosganger in die inrigting, nl. E. Collins, die seun van kapt. Collins. Julius Jeppe het aangebied om die skool tot Januariemaand aan die gang te hou, maar is nie van Staatsweë toegelaat om dit te doen nie, daar hy hom ook buite die Republiek moes gaan vestig.(2)

Die krygswet wat ingestel is, het eienaars verbied om huurgeld te eis, terwyl die wet in werking was. Die wet het dus baie van die skole wat gehuurde geboue gehad het, beskerm.(3)

Die Bultskool van die Z.A.S.M. het oopgebly tot die end van die jaar.(4) Die saal van die Duitse skool in Hospitaalheuwel het ook as hospitaal gedien, terwyl die skool oopgebly het.(5) Die kerkskool St. Cyprian's in Burghersdorp (voorheen Brickstands) onder die beskerming van die Anglikaanse kerk, het ook oopgebly. Die kersfeesfunksie van die skool is deur 122 leerlinge bygewoon, die meeste van wie se vaders oorlogsdien gedoen het.(6) Die skooljaar was, behalwe in enkele gevalle, kort, met die

vroeë/

(1) Standard and Diggers News, 18 Oktober 1899.

(2) Ibid., 14 Oktober 1899.

(3) Ibid., 20 Oktober 1899.

(4) OR 18032/99, Penningmeester, Bultskoolkommissie - Supt. van Onderwys, 13 Des. 1899.

(5) Standard and Diggers News, 22 Desember 1899.
'n Funksie is gereël in die Empire Teater, Johannesburg op 24 Desember toe spesiale beligting vir die aand aan die skool toegestaan is.

(6) Standard and Diggers News, 25 Desember 1899.

vroeë sluiting aan die begin van die oorlog. Die beskermde skole soos die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerkskole het aangegaan om onderrig te verskaf.

(iv) Onderwysers op Regeringsdiens. Min van die onderwysers en onderwyseresse kan na die uitbreek van die oorlog nagespoor word. Dit word vermoed dat die wat kon, onmiddellik aangesluit het. Ons merk op dat die Hollanders merendeels by die Rooikruis of by die ambulansgroep soos hieronder aangedui aangesluit het, waar hulle neutraal kon bly.

Die heer J. Drost, die hoof van die Turffontein Staatsondersteunde skool, het by die komitee vir Rus en Orde aangesluit nog voor die uitbreek van die oorlog.(1) Sy hulponderwyser, C.J. Egbens, het by die Rooikruis aangesluit.(2) Van die personeel van die staatskool op Von Brandisplein vind ons die Hollander H.J. de Wit op kommandodiens, terwyl sy hulponderwyser, McClelland, met sy familie na Cradock in die Kaapkolonie tot na die oorlog gegaan het.(3) Lubbert Thomassen van die staatskool Fordsburg het diens vir die subkommissie van Rus en Orde gedoen vir die wyk Braamfontein.(4) Later, in Desember, was hy by die ambulans op Modderrivier behulpzaam.(5) Willem Fourie, van die Ebenhaezerskool, Troyeville, skryf dat hy lid was van die Voedselkomitee van Jeppestown.(6) Die Hollander, A.W. Rakers, die hoof van die Vrededorp Staatskool/

(1) OR 16724/99, J. Drost - Dept. van Onderwys, 9 Okt. 1899.

(2) Ibid.

(3) OR 16893/99, H.J. de Wit - Dr. Mansvelt, 13 Okt. 1899.

(4) OR 17222/99, verklaring van subkommissie van Rus en Orde Braamfontein, 31 Okt. 1899.

(5) OR 18160/99, F.N. van Niekerk - Supt. van Onderwys, 20 Des. 1899.

(6) OR 17230/99, W.M. Fourie - Supt. van Onderwys, 1 Nov. 1899.

Staatskool, het in November saam met die Rooikruis na Norvalspont vertrek,(1) terwyl Jan van Bruggen sy oorlogsdienste, ook in die maand, in die Newcastle-hospitaal begin het.(2) Toe die organisasie van die sub-komitee vir Rus en Orde in Braamfontein in die **reine** gebring is en H. Scholtens van die President Staatskool se dienste nie meer nodig was nie, het hy ook na die Newcastle-hospitaal vertrek om daar diens te doen.(3)

Van die Engelse hulponderwysers is nie veel te vind nie, buiten die vertrek van McClelland asook Dolbey wat aan die Vrededorpse Staatskool werksaam was.(4) Ons kan dus aflei dat die onderwysers wat burgers was ook hul deel in die oorlog bygedra het.

(v) Die Heropening van Skole. Toe die oorlog begin het, is instruksies deur die Onderwysdepartement uitgereik dat die skole sou sluit. Z. Ormel, die ou heer wat die hoof van die Spes Bona Takskool in Burghersdorp was, het gevoel dat weens sy ouderdom hy die beste diens kon verrig deur sy skool oop te hou. Hy meld dat dit nooit sy strewe was om sy sak deur middel van onderwys te vul nie.(5) Teen die einde van die maand Oktober het nog tussen 67 - 70 leerlinge die skool bygewoon.(6) Hy het die skoolbesoek as taamlik goed beskou.

Die/

(1) OR 17383/99, A.W. Rakers - Supt. van Onderwys, 10 Nov. 1899.

(2) OR 17465/99, J. van Bruggen - Supt. van Onderwys, 15 Nov. 1899.

(3) OR 17474/99, H. Scholtens - Supt. van Onderwys, 16 Nov. 1899.

(4) OR 17242/99, A.S. Nel - Supt. van Onderwys, 21 Nov. 1899. "Dolbey heeft geen aanspraak meer op zijn zalaris daar hij zonder verlof vertrokken is."

(5) OR 16711/99, Z. Ormel - Dept. van Onderwys, 9 Okt. 1899.

(6) OR 17060/99, Z. Ormel - Supt. van Onderwys, 23 Okt. 1899.

Die nuwe jaar 1900 het aangebreek en met die vordering van die Republikeine teen die Britse Magte het etlike hoofde besluit dat die tyd weer vir die opening van skole in Johannesburg aangebreek het. Die „St. John's College" en die Jodeskool het op 15 Januarie heropen om opvoedingswerk te doen.(1) Die gymnasiumsaaal van die Duitse skool wat ontruim is om diens as hospitaal te doen, is aan die skool teruggegee met die gevolg dat die skool sy heropening vir 22 Januarie geadverteer het, wanneer kinders toegelaat sou word.(2)

Van die staatsondersteunde skole het ook weer hul deure vir leerlinge geopen, want daar is gevoel dat die stad sy normale gang moes gaan. Die Ebenhaezerskool van Willem Fourie is deur sy hulponderwysers in Troyeville heropen.(3) Die Fordsburg Publieke Skool is ook deur die hoof, L. Meyer, op 13 Januarie heropen.(4) Toe die hoof om 'n toelae skryf, meld hy: „De ouders der kinderen, doen wat zij kunnen om ons te helpen, doch hoewel we hun poging waardeeren, de hulp is gering, daar de meeste vaders en oudere broeders op kommando zijn. Sedert 13 Desember de heropening der school ontvingen wij van dit toch aanzienlijk getal leerlingen tot nu 23 Januarie £11.4.0 schoolgeld en daar dit gelijk verdeeld wordt, bedraagt dit voor elke lid van ons personeel ongeveer £1.10.0."(5)

Jan/

(1) Standard and Diggers News, 12 Januarie 1900.

(2) Ibid., 19 Januarie 1900.

(3) a. OR 601/00, Penningmeester, Ebenhaezerskool, Jeppe - Dept. van Onderwys, 22 Jan. 1900.
b. OR 693/00, P. Nel - Supt. van Onderwys, 23 Jan. 1900. Ds. Paul Nel het gevra dat die nodige boeke vry aan die skool geskenk moes word want die ouers is meestal behoeftig.

(4) Heropen vir die nuwe jaar.

(5) a. OR 577/00, L. Meyer - Supt. van Onderwys, 23 Jan. 1900.
b. Standard and Diggers News, 10 Mei 1900. Op die datum het 350 leerlinge die skool bygewoon.

Jan van Bruggen het met verlof van kommandodiens in Februarie 1900 teruggekeer, en was verbaas dat die Onderwysdepartement nog nie planne beraam het om skole te heropen nie. Volgens Van Bruggen was toestande hier anders as elders, want hier ontstaan die ou „stumper-schooltjes“, skole met Engelsmedium, deur halfgeleerde dames opgerig. Skole wat onder baie lyding en stryd opgebou is, is nie heropen nie. Hy het gevoel dat die Superintendent kras moes optree en die skole teëwerk en spreek sy vrees uit dat die staatskole „als een misdracht“ sou verdwyn, tensy pogings doelbewus aangewend word om hulle te heropen.(1)

Die Verenigde Kerkskool in Fordsburg het ook aan die gang gebly tot die hoof op kommandodiens gegaan het. Die skool is deur dames van die gemeente behartig.(2) Die Spes Bonaskool het die jaar heropen en het onder moeilike omstandighede voortbestaan. In Maart 1900 het ongeveer 250 leerlinge die skool bygewoon wat voortgesit is onder die hoof C. Naude. Hy meld dat hy daagliks toegang tot die skool moet weier, eenvoudig omdat hy met sy huidige personeel, bestaande uit vyf, nie meer kinders kon onderrig nie.(3) Indien hy meer personeel kon kry, sou hy meer leerlinge kon toelaat.

Ons vind dus dat orde gevolg het nadat die Goudstad weer sy normale gang begin gaan het. Om te verhoed dat die kinders doelloos rond dwaal, het van die onderwysers soos Ormel, Naude, Meyer en andere gesorg dat hul skole

aan/

(1) OR 1060/00, J. van Bruggen - Supt. van Onderwys, 10 Feb. 1900.

(2) OR 1672/00, G.F. Cillie - Sekr. van Onderwys, 7 Maart 1900.

(3) OR 1926/00, C. Naude - Supt. van Onderwys, 12 Maart 1900.

aan die gang bly.(1) Andere soos Cillie en Fourie het gesorg dat hul skole met die werk aangaan. Die kerk-, Duitse- en Jodeskole het met hulle werk voortgegaan tot die oorgawe van Johannesburg.

2. 'n Nuwe Tydperk in die Geskiedenis van Johannesburg.

(a) Die Oorgawe van Johannesburg.

Met die aankoms van nuwe troepe het die Britse magte stadigaan die oorhand gekry. Nadat lord Roberts met sy magte Bloemfontein bereik het, het hy eers gerus voordat hy weer na Pretoria kon opruk. Toe hy weer na die verposing begin beweeg en as gevolg van die neerlaag deur kommandant Andries Cronje gely, het die burgers gevoel dat hul tydperk van sukses verby was. Na hierdie tyd is nie veel direkte weerstand deur die burgers gebied nie, sodat die Britse magte oor die Vaalrivier in die rigting van Johannesburg geruk het. Die Engelse het verwag dat reëlins getref sou word om die myne te vernietig en miskien die Goudstad aan die brand te steek - die Goudstad wat die oorlog veroorsaak het. Johannesburg is egter nie in puin gelê nie en is deur die Britse magte op 31 Mei 1900, na 'n geveg naby Germiston, ingeneem.(2)

Met die oorgawe het die einde van alles wat Hollands in Johannesburg was, aangebreek. Nou het dit 'n Engelse stad geword. Die skole is gesluit en die enigste skole wat nou **vir** die onderrig van burgers bestaan het, was die kampskool op Turffontein.

(b) Toestande/

(1) Standard and Diggers News, 10 Mei 1900.
Meyer het die Staatskool Vrededorp as skoolgebou gebruik in plaas van sy gebou in Fordsburg.

(2) a. Standard and Diggers News, 31 Mei 1900.
b. Davitt: The Boer Fight for Freedom, 435.
c. Walker: History of South Africa, 492 - 493.

(b) Toestande na die Engelse Koms.

(i) Sargant se Koms. John Robinson het Engeland toe gegaan na hy sy sake in orde gebring het. Die laaste vergadering van die „Council of Education" het in November 1899 in Kaapstad plaasgevind. Toe Johannesburg deur die Engelse in besit geneem is, het hy weer planne beraam om terug te keer. In Julie 1900 het hy sir Alfred Milner in kennis gestel wat die standpunt van die „Council" nou sou wees: „Since leaving England six weeks ago I have learned that it is extremely probable that the Council of Education with which I am connected, will not again resume its work in Johannesburg. It is recognised that the Government of the new Colony will undertake the control of elementary education and it is in the minds of the representatives of some of the donors to apply the funds subscribed to some specific object connected with Higher Education."(1) Hy bied sy dienste aan, volgens advies van Percy Fitzpatrick ontvang: „Your Excellency has already some idea of difficult and anxious work I have been doing in Johannesburg during recent years.....No man has a more intimate knowledge of the educational needs of that part of South Africa and the difficulties the new Education Department will experience in dealing with the industrial population on the one hand and the old country population on the other, and I think my knowledge of the people of the Rand, and a fairly intimate acquaintance with the Dutch character, to enable me to point the way to a solution to any problem that may arise."(2) Milner het nie gevoel dat hy met die stelsel van onderwys in Transvaal wou werk nie, want 'n deskundige alleen kon die werk

behartig/

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, J. Robinson - Sir Alfred Milner, 16 Julie 1900.

(2) Ibid.

behartig. Hy het nie gedink dat Robinson voldoende bevoegdheid besit het om die reusetaak uit te voer nie.(1)

Sir Alfred Milner het al spoedig gesien dat die konsentrasiekampe, waar die vrouens en kinders van die nog veggende burgers byeengebring is, 'n gulde geleentheid aangebied het om sy politiek van verengelsing van die hele Suid-Afrika 'n stoot vorentoe te gee. Joseph Chamberlain, die Britse minister van Kolonies, en 'n geesgenoot van Milner, het aan hom opgedra om sistematiese en spesiale pogings aan te wend om soveel as moontlik van die duisende Boeregevangenes te probeer beïnvloed, sodat hulle duideliker die oorsake van die oorlog kon verstaan, asook die motiewe van die Engelse Regering en hul eie toekomstige posisie as Britse onderdane.(2) Die onsekere toestand en die noodsaaklikheid van koördinasie en kontrole het die Britse owerhede laat besluit om 'n aparte onderwysdepartement in die verowerde gebied te stig, en 'n bekwame persoon as direkteur aan te stel ten einde die hele onderwysstelsel onder sentrale beheer te bring.(3)

E.B. Sargent, wat vroeër in Suid-Afrika was en veral aandag aan onderwys in Rhodesië gewy het, is aangestel.(4) Sargent was 'n vurige patriot en 'n groot voorstander van rykseenheid. Hierdie idee van die eenheid van die Britse Ryk wou hy bevorder deur die kinders van die verskillende Britse oorde daartoe op te voed. Volgens hom was die eerste plig van die onderwyser om die

kinders/

(1) Sec. Tvl. Adm. No. 40, High Commissioner - Political Secretary, 21 Julie 1900.

(2) Symington: Onderwys in die Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode 1900 - 1907, 17.

(3) Symington: Ibid.

(4) a. Symington: Ibid., 20.
 b. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.
 c. Malherbe: Education in South Africa, 298.

kinders die voortreflikheid en noodsaaklikheid van die eenheid van die Ryk te laat besef.(1)

Alhoewel Sargant eers op 6 November 1900 sy aanstelling aanvaar het, is pogings al vroeër aangewend om onderwys in Johannesburg in orde te bring.

(ii) Robinson se Onderzoek. Johannesburg was een van die eerste plekke waar toestande na die Britse verowering betreklik rustig geword het. Dit is dan ook hier dat John Robinson tydelik in diens geneem is om 'n studie van die plaaslike toestande te maak en advies te gee.(2) Robinson het die werk in Oktober aanvaar. Hy het 'n opgawe gemaak van skole en onderwys in Johannesburg, wat in Desember 1900 ingedien is. Sy opgawe het aangedui dat die volgende skole oop was en die syfers wat hy gee, is volgens hom naastenby korrek:(3). „Marist Brother's College" met 250 leerlinge het onder die beheer van broeder Valeman gestaan, terwyl die Duitse skool sy werk onder dr. Weidner met 350 leerlinge voortgesit het. Die Endstraat kloosterskool of Conventskool met 150 leerlinge; 'n skool in Jeppestown onder G. Eales met 30 leerlinge; St. Mary's onder mej. Holmes-Orr met 40 leerlinge, en die skool van Van Bruggen met 90 leerlinge, wat nou in 'n Engelse skool omgeskep is, het die Engelsmedium skole gevorm. Van die Hollandsmedium skole wat nog toegelaat is om voort te bestaan, was die van Spes Bona onder C. Naude met 200 leerlinge, Spes Bona Takschool onder Z. Ormel in Burghersdorp (Brickfields) met 30 leerlinge,

Hospitaalheuwel/

(1) Report of the Director of Education for the Transvaal and O.R.C. 1900 - 1904, Appendix VI.

(2) a. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode 1900 - 1907, 18.
 b. Malherbe: Education in South Africa, 300.
 c. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 74.

(3) Sec. Tvl. Adm. 1027, Johannesburg Schools, Des. 1900.

Hospitaalheuwel onder Van Dyk met 80 leerlinge,(1) en Fordsburg Publieke Skool onder die beheer van Lambertus Meyer met 300 leerlinge. Thomassen het 'n skool in 'n winkel in Bertrams geopen met 120 leerlinge, terwyl 'n heer Brink 90 leerlinge in Vrededorp in die staatskoolgebou onderrig het. Die Bultskool van die N.Z.A.S.M. was nog oop en het 120 leerlinge gehad. Die Verenigde Kerkskool onder Cillie het nog 60 leerlinge getel. Al die skole buiten die van Thomassen en Lambertus Meyer is in skoolgeboue gehou. Meyer se skool was in 'n huis en Thomassen se skool in 'n winkel.

Volgens Robinson het daar 1,900 leerlinge skole in Johannesburg bygewoon. Dit is opmerklik dat vyf skole in Johannesburg deur fondse gehelp is wat in Holland ingesamel is. Van die fondse is verleen aan die Spes Bona-skool, Braamfontein; Spes Bona Takskool, Burghersdorp; Hospitaalheuwel; Fordsburg Publieke Skool en die Spoorweg Bultskool, waar die medium van onderrig Hollands was. Robinson het opsommend aangedui dat 40% van alle leerlinge in Johannesburg nie skoolgelde betaal het nie. Van die leerlinge in die Hollandsmedium skole het hy gevind dat 67.5% nie enige skoolgelde bygedra het nie.(2)

Hy het tydens sy ondersoek gevind dat baie Hollandssprekende leerlinge die Rooms-Katolieke „Marist Brother's College" en Kloosterskool en die Duitse skool bygewoon het, terwyl daar ook Engelse leerlinge was wat die Duitse skool bygewoon het, alhoewel die medium Duits was. In Johannesburg was daar ag-en-veertig onderwysers werksaam waarvan vyf-en-twintig Hollandssprekend, 17 Engelssprekend en 6 van ander nasionaliteite was. Van die vyf-en-twintig Hollandssprekendes/

(1) Blykbaar die Polisie-skool.

(2) Sec. Tvl. Adm. 1027, Johannesburg Schools, Des. 1900.

Hollandssprekendes was net vyf Hollanders, terwyl die ander Afrikaners was. Die Afrikaanse onderwysers was óf sonder 'n sertifikaat óf in besit van 'n laerangse onderwys-sertifikaat van die Republiek.

In die konsentrasiekamp op Turffontein het Robinson omtrent 800 kinders gevind, wat geen onderrig ontvang het nie. Die Hollandse predikante van Johannesburg was besig om 'n skool te organiseer maar Robinson het geen kennis gedra van hoe ver hulle gevorder het nie.(1)

Ons merk dus op dat die ou gevestigde skole, hetsy privaat, hetsy vroeër gesubsidieerd, hul deure oopgehou het. Met die groot konsentrasiekamp op die reisisbaan op Turffontein is dit verbasend dat daar nog in die arm dele van Johannesburg Hollandse skole was wat met arbeid voortgegaan het.

3. Sargant se Opvoedkundige Werk in Johannesburg.

(a) Stigting van 'n Skool op Vrededorp.

Na Sargant sy betrekking as Direkteur van Onderwys aanvaar het, het hy ontdek dat die Militêre outoriteite niks insake onderwys gedoen het nie.(2) Hy het by die hoofkwartiere die algemene houding gevind dat die deurvoer van die oorlog tot die verontagsaming en verwaarlosing van alle burgerlike sake gelei het.(3) Omdat hy 'n patriot en voorstander van die ideaal van rykseenheid was, wou hy hierdie eenheid van die Britse Ryk bevorder deur die kinders van die verskillende Britse kolonies daartoe op te voed.(4)

Johannesburg/

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, Johannesburg Schools, Des. 1900.

(2) Malherbe: Education in South Africa, 298.

(3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.

(4) Report of the Director of Education for Transvaal and Orange River Colony, 1900 - 1904. App. VI.

Johannesburg, die stad van die uitlanders, het gou na die inname deur die Britse magte sy eie weg gegaan. Alhoewel daar skole in Johannesburg gevind is, het Robinson gevoel dat sover niks konstruktiefs gedoen is nie.(1) Vlughtelinge en ander is toegelaat om na Johannesburg terug te keer, lank voor die oorlog geëindig het, sodat hul kinders die paar skole wat daar was, gevul het.(2)

Sargant het Johannesburg besoek en nadat hy Robinson se rapport nagegaan het, het hy aanbeveel dat drie skole onder beheer van die nuwe regering gestig moes word: een in Vrededorp in die staatskoolgebou, een in die voormalige staatskoolgebou in Markstraat en een in die voormalige gebou van die Jeppestown Grammarskool.(3) Hy het gevoel dat hy hoofde moes kry wat hulle by die plaaslike omstandighede sou kon aanpas, en hulle moes Engelssprekend wees: „If His Excellency could decide now I might get teachers from England by the end of February. Or if Lord Kitchener would let me have some of the teachers serving in the South African Field Force, there would be no difficulty at all.”(4)

Die feit dat Sargant graag daadwerklik wou optree, het nie veel gebaat nie, omdat hy nie te werk kon gaan voordat hy toestemming van Lord Kitchener gekry het nie. Hy is aangeraai om die Britse magte nog 'n maand kans te om die oorlog te beëindig, en dan kon planne beraam word

om/

(1) Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode 1900 - 1907, 21.

(2) Report of the Director of Education for Transvaal and O.R.C. 1900 - 1904, 14.

(3) Sec. Tvl. Adm. 1027, Memo by survey, van John Robinson, Jan. 1901. (Johannesburg Schools, Des. 1900)

(4) Ibid.

om skole op die Rand te stig.(1) Planne is beraam om die drie skole waarvan Sargant melding gemaak het, aan die gang te kry. Omdat geen onderwysers vir die skole van die leër verkry sou kon word nie, is deur sy Eksellensie aanbeveel dat onderwysers van Engeland verkry moes word.(2) Sargant was bly om die toestemming te kry om met sy planne vir skole in Johannesburg voort te gaan. Hy het die heer Noaks Kaapstad toe gestuur om soveel onderwysers te werf as wat hy moontlik kon vind.(3) Indien hy nie geskikte hoofde in die Kaapkolonie kon vind nie, was hy van plan om Milner se advies te volg en hoofde uit Engeland te kry. Om onderwysers te kry, sou moeilik gaan, selfs in Engeland, en hy het gevoel dat hy nie tot die einde van die oorlog moes wag om 'n normaalskool vir die opleiding van onderwysers op te rig nie: „The young Africander girls and boys who wished to be teachers might be just as well supported in Pretoria or Johannesburg as in the refugee camps and could join the normal school or schools at once.”(4)

Sargant het 'n onderwyser, F. Mills, saam met hom van Kaapstad gebring met die doel om Mills hoof van die Vrededorpskool te maak.(5) Hy het die skool net voor die tyd in Johannesburg besoek en het gevoel dat hier begin moes word. Hy het die skoolgebou in Vrededorp een aand toe hy gaan wandel het, gesien: „Finding it open I sent for the Mr. Brink who was indicated to me as the teacher

in/

(1) Sec. Tv1. Adm. 1027, P. Wilson - Mr. Sargant, 29 Jan. 1901.

(2) Sec. Tv1. Adm. 1027, Leër III, Educational arrangements for the Refugees at Johannesburg. P. Wilson - High Commissioner, 29 Jan. 1901.

(3) Sec. Tv1. Adm. 1027, B. Sargant - Fiddes, 11 Feb. 1901.

(4) Sec. Tv1. Adm. 1027, B. Sargant - Fiddes, 12 Feb. 1901.

(5) Sec. Tv1. Adm. 1027, E.B. Sargant - Fiddes, 16 Feb. 1901.

in charge. He proved quite a young man - a Dane - who had guarded bridges for the Boers, and had afterwards worked on the mines as long as the Transvaal Government had possession of them. In this way he saved about £30. Having nothing to do after the British occupation, and seeing the children in Vrededorp idling around, he obtained leave from the Military Governor to open a school which is a **really** good building and has first rate desks etc."(1) Met die hulp van 'n sekere mej. Kruger het hy die skool sonder veel geldelike ondersteuning oopgehou, waar hy die kinders van die stadsgebied onderrig het. Hy het gevoel dat die skool eerste hulp moes ontvang, en dit het hom plesier verskaf om te voel dat hy werk verrig.(2)

Drie dae voor die brief aan Fiddes, het hy 'n petisie van die heer B.D. Brink, gerig aan die Militêre Goewerneur van Johannesburg, ontvang. Omdat dit 'n duidelike weerspieëling van die toestande in Johannesburg gee, word dit hier aangehaal: „I, the undersigned appeal in the name of all the parents of the Vrededorp school children to Your Excellency if possible to help us with the education of our children. I am keeping school in the Government school building in Vrededorp during the last four or five months voluntary, but as my assistant has left me, it is impossible for me to do it any longer gratis. I have between 80 and 100 pupils in school at present. The parents of the children are too poor to pay their school-fees. Therefore I should like to hear from your Excellency whether any arrangements can be made about the schoolfund of the children and if possible to appoint a
few/

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, E.B. Sargant - Fiddes,
16 Feb. 1901.

(2) Ibid.

few teachers to assist me in teaching."(1)

Omdat Brink nie opgelei is nie, het Sargant aanbeveel dat hy eers een van die Normalskole moes bywoon voordat hy diens as onderwysers kon doen.(2)

(b) "Cleveland High School for Girls."

Mej. F.H. Buckland het op 2 November 1887 besluit om 'n skool te stig en het begin met die onderrig van 'n mev. D. Alexander se dogter. Sy het toestemming ontvang om in 'n kamer in die huis van die dame soveel leerlinge in te neem soos moontlik.(3) Johannesburg het in die vroeë dae nog nie huise gehad nie, en die kamer tot haar beskikking gestel, was van modder en hout gemaak met 'n linneplafon.

Families het begin aankom sodat haar leerlingtal gegroei het, met die gevolg dat sy 'n nuwe gebou moes soek. Sy het van 'n sinkgeboutjie in Kerkstraat gebruik gemaak, deur die Baptiste Kerk opgerig. Die gebou het dus bedags as skool en saans as 'n kerk gedien. Mej. Buckland meld dat die geboutjie groot genoeg vir dertig leerlinge was. Daar het sy gearbei totdat die kerk self die gebou vir 'n skool wou hê en sy derhalwe 'n ander tuiste moes soek.

'n Vriendin, mev. Henry Cleveland Perkins, het aangebied om die oprigting van 'n behoorlike gebou te finansier. Daar sy belang in onderwys gestel het, het sy gevoel dat sy iets vir Johannesburg in die rigting

wou/

-
- (1) Sec. Tv1. Adm. 1027, B.D. Brink - Military Governor Johannesburg, 29 Jan. 1901.
- (2) Sec. Tv1. Adm. 1027, E.B. Sargant - Fiddes, 16 Feb. 1901.
- (3) Die Criterion Hotel is nou op die standplaas.
 a. Buckland: Reminiscences.
 b. König: Seven Builders of Johannesburg, 83 - 84.
 c. Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

wou doen.(1)

Drie standplase is in Leydsstraat aangekoop. Planne is beraam om 'n dubbelverdiepinggebou met vleuels aan beide kante van 'n saal te bou. Daar is ook 'n sinkgebou en 'n aangrensende huis gebruik toe die getalle begin groei het. Die skool is toe „Cleveland" gedoop, ter ere van mev. Perkins se seun.

Die skool het pas in sy nuwe tuiste in 1895 ingetrek, toe die Jamesoninval plaasgevind het. Haar skool, soos die ander, het leeg gestaan totdat die stad weer sy normale gang gegaan het. Die skool het nou gevorder en het selfs as „St. Buckland's" bekend gestaan, omdat baie van die skole in Johannesburg die naam van een of ander heilige gedra het. Mej. Buckland meld dat sy wel Hollands sou onderrig as sy kennis van die taal gedra het, want die subsidie van die Onderwysdepartement was aantreklik. Die periode 1892 - 1896 is deur die rassegevoelens tussen die ou burgerlike bevolking en die nuwelinge gekenmerk, maar haar skool is ten spyte hiervan deur kinders van die amptenare bygewoon, want hulle wou graag hê dat hul kinders Engels moes leer. Die opgevoede Afrikaners, meld mej. Buckland, het die belangrikheid van Engels besef.

Toe die oorlog gekom het, is die skool saam met die ander gesluit en alle uitlanders is versoek om die Transvaal te verlaat. Die skool is toe tot Maart 1901 gesluit, toe Sargant mej. Buckland genader het om weer 'n skool te begin.(2)

Mej./

-
- (1) a. Buckland: Reminiscences.
 b. König: Seven Builders of Johannesburg 83 - 84.
 c. Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

- (2) a. Buckland: Ibid.
 b. Cotterell: Ibid.
 c. König: Ibid., 87.

Mej. F.H. Buckland het die maande wat op die uitbreek van die oorlog gevolg het in Kaapstad deurgebring.(1) Daar het sy Sargant aan die einde van die jaar 1900 ontmoet en sy is uitgenooi om weer 'n skool in Johannesburg te begin.(2) In Februarie, toe sy aansoek om 'n permit gedoen het om Johannesburg in te gaan, skryf sy aan Sargant en meld dat die heer Noaks voorgestel het dat sy haar skool in Johannesburg onder die beheer van die nuwe Regering moes plaas. Voordat dit kon plaasvind, moes sy duidelik uiteensit wat haar huidige posisie was. Sy het geen dokument om te wys dat sy weer die gebou kon gebruik nie, en het die hoëp uitgespreek dat die heer Perkins, wat toe in Nieu-York woonagtig was, haar sou toelaat om weer die gebou te huur. Die meubels en die sinkgebou was haar eie besittings. Sy sou die geboue kon gebruik totdat die standplaas verkoop is, omdat dit spesiaal vir haar doeleindes opgerig is.(3)

Sargant het die saak oorweeg en besluit om mej. Buckland, wat die beste private skool in Johannesburg voor die oorlog gehad het, te nader om haar skool 'n Regeringskool te maak. Mej. Buckland sou ook 'n ideale onderwyseres vir 'n Normaalskool wees. „Just as the best plays are said to have been written for particular companies, so I feel that it may be wisest to formulate my schemes as individuals offer themselves for the work", was Sargant se beleid in Johannesburg.(4)

Mej./

-
- (1) a. Buckland: Reminiscences.
b. König: Seven Builders of Johannesburg, 87.
- (2) a. Ibid.
b. Sec. Tv1. Adm. 1027, F. Buckland - E.B. Sargant, 16 Feb. 1901.
- (3) Sec. Tv1. Adm. 1027, F. Buckland - E.B. Sargant, 10 Feb. 1901.
- (4) Sec. Tv1. Adm. 1027, E.B. Sargant - Fiddes, 26 Feb. 1901.

Mej. Buckland is toegelaat om met sekere van haar vorige hulponderwyseresse na Johannesburg te kom. Hier het sy haar gebou in 'n verwaarloosde toestand gevind.(1) Die skool is in Maart 1901 heropen. Alhoewel onderwys nou vry was en geen skoolgeld verwag is nie, het die dame dit moeilik gevind om genoeg leerlinge byeen te bring om drie onderwyseresse besig te hou.(2) Toe John Robinson geëis het dat, tensy meer leerlinge vir die skool verkry kon word, van die personeel verplaas sou word, het mej. Buckland se suster al die huise in Doornfontein besoek om leerlinge te werf.(3) Na die oorlog is die skool in sy status as 'n hoërskool vir meisies herstel.(4) Mej. Buckland se aanstelling as hoof is op 16 Oktober 1901 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.(5) Die getalle het gegroei sodat die 110 leerlinge aan die begin van 1902 te veel vir die skool was.(6) Die feit dat so baie leerlinge nog die skool bygewoon het, nadat skoolgelde gehef is, het die gehalte van die werk getoon wat deur mej. Buckland verrig is.(7)

(c) Skole in 1901.

Sargant het na sy besoek aan Johannesburg personeel gesoek om die werk te doen. Onder andere het hy pogings aangewend om die heer C.D. Hope van Grahamstad te kry.(8) Hy het gevoel dat, tensy hy nou die regte mense kry/

(1) a. Buckland: Reminiscences.
b. König: Seven Builders of Johannesburg, 88.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Minutes of a meeting of the Executive Council held on the 16th Oct. 1901, par. 459, 11.

(6) Col. Sec. 64, 936/02, E.B. Sargant - Davidson, 28 Jan. 1902.

(7) Ibid.

(8) Sec. Tv1. Adm. 1027, Lêer III, E.B. Sargant - Fiddes, 12 Feb. 1901.

kry, hy maar met onbevredigende personeellede tevrede sou moes wees wanneer die stormloop na Johannesburg weer begin.(1) Die private skole wat aan die einde van 1900 in Johannesburg was is deur die Regering goedgekeur buiten dié wat besluit het om C.N.O. skole te word. Die wat oorgeneem is, was die skole in Bertrams, Jeppestown, Vrededorp, Fordsburg en Markstraat.(2)

Die skole wat in Junie 1901 oop was, was die Bertramsskool onder mej. E.M. Parker met 51 leerlinge; Jeppestown onder G.B. Swords met 128;(3) Cleveland onder mej. F. Buckland met 30; Union Ground onder Charles Burgoyne met 172;(4) Vrededorp onder F.W. Mills met 543; Fordsburg onder A. Trubshaw met 43;(5) en Markstraat onder R.J. White met 184 leerlinge.(6)

Buiten dié skole was daar die twee konsentrasiekampskole in Johannesburg, volgens die rapport van die Direkteur van Onderwys van 12 Julie 1901, met 251 leerlinge in die kamp op Turffontein, onder leiding van eerw. J.E. Davis en 58 leerlinge in die Booyenskamp onder leiding van J. Peddie.(7) Van die Booyenskampskool is nie veel te vind nie en die skool het blykbaar vroeg gesluit. Die kamp is seker ook gesluit, want geen spoor van hom kan gevind word nie.

4. Die/

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, Lêer III, E.B. Sargant - Fiddes, 12 Feb. 1901.

(2) Report of the Director of Education 1902, 46.

(3) Thomassen wat die Bertramsskool heropen het was op die personeel.

(4) Die skool is gehou in die staatskoolgebou waarvan De Wit hoof was.

(5) Skool gereël in staatskoolgebou, Fordsburg van L. Thomassen.

(6) Skool gereël in staatskoolgebou van J. van Bruggen.

(7) Report of the Director of Education, 12 Julie 1901.

4. Die Kampskele van Johannesburg.

(a) Die Ontstaan van Kampe.

Die Anglo-Boere-oorlog het langer geduur as wat Engeland verwag het. 'n Veldtog wat slegs drie maande moes duur, het voortgesleep vir meer as 'n jaar en nog was die einde nie in sig nie. Telkens is die Engelse Parlement verseker dat die einde nou nie meer ver was nie, en dat die aangevraagde hulp in die vorm van meer soldate, perde, geld, ens., nou wel die laaste sou wees.(1) Onder hierdie oms'andighede het die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika besluit om tot 'n wanhoopsdaad oor te gaan nl. die stigting van groot konsentrasiekampe, waarin alle vrouens en kinders van Boere saamgetrek moes word. Die vernaamste rede vir hierdie daad is aangegee as: „the declared object being to prevent the non-combative Boers from giving assistance or information to the fighting commandoes.”(2) 'n Ander rede wat aangegee is, was sodat die vernietiging van alle voorrade en vee en die verbranding van huise bewerkstellig kon word, ten einde die Boere op die wyse tottoegawe te dwing. Hulle sou dan nie voorrade op die plase kon kry, waar vrouens nog met die boerdery aangegaan het nie.(3)

(b) Johannesburg Konsentrasiekamp.

Die eerste kampe is in September 1900 in Bloemfontein en Pretoria gevorm.(4) In Desember, toe Robinson Johannesburg as onderwys-adviseur vir die Witwatersrand besoek het, het hy omtrent 800 Hollandssprekende
kinders/

(1) Symington: Die Konsentrasiekampskele in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 1.

(2) Davitt: The Boer Fight for Freedom, 468.

(3) a. Symington: Ibid., 2.
b. Davitt: Ibid., 582.

(4) Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, 43.

kinders van skoolgaande ouderdom in die konsentrasiekamp gevind, wat op die reisesbaan in Turffontein aangelê is.(1) Hy het vermoed dat die Hollandse predikante van Johannesburg vir 'n skool in die kamp reëlings tref.(2) Daar niks gedoen is nie, het hy planne beraam om 'n skool op die paviljoen van die reisesbaan op te rig.(3) Die planne is beraam na 'n vlugtige besoek van Sargant aan Johannesburg in Desember 1900.(4) Die meeste van die kinders in die kampe was voor die oorlog op skool of het reeds die skool verlaat, want die onderwysfasiliteite was van so 'n aard dat die meeste kinders se skoolloopbaan slegs 'n paar jaar geduur het.(5) Vir die groter kinders was daar in die kampe darem heelwat werk om te doen. Hulle moes help om die tente netjies en skoon te hou, vuurmaakgoed te soek en aan te dra, kos te kook en water aan te dra. Verder is daar van hulle gebruik gemaak by die ontvang van rantsoene en moes hulle help om die kleiner kinders op te pas.

(c) Die Stigting van 'n Skool.

In sommige kampe is skole gestig en die idee het die outoriteite op die gedagte gebring om skole in die kampe te stig.(6) Die uiteenlopende en sporadiese stelsel van onderwys en die stigting van privaatskole in dorpe en later in kampe, asook die noodsaaklikheid van

koördinasie

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, Johannesburg Schools, Des. Des. 1900.

(2) Ibid.

(3) Sec. Tvl. Adm. 1027, E.B. Sargant - Fiddes, 26 Feb. 1901.

(4) Star, 19 Februarie 1902.

(5) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 4.

(6) a. Symington: Ibid., 5.
b. Malherbe: Education in South Africa, 298.
c. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.

koördinasie en kontrole, het die Engelse owerheid laat besluit om 'n aparte Onderwysdepartement vir die verowerde gebiede te skep, en Sargant is gevra om as direkteur op te tree.(1)

(d) Redes vir die Stigting van 'n Kampskool.

Die redes vir die stigting van 'n kampskool is deur F.C. Symington in sy proefskrif uiteengesit. Dit is gestig eerstens uit filantropiese en humanistiese oorewegings. Dit is ook in die lewe geroep om die vyand se kinders ten gunste van die Britse saak en standpunt te beïnvloed, te meer om hulle voor te berei om Britse onderdane te word. Skole was ook nodig om beter en orde en kontrole in die verskillende kampe te handhaaf. Baie van die moeders van kinders in kampe het die wens uitgespreek dat die kinders onderrig moes word en dus nie nutteloos rondloop nie. Miskien is die duidelikste rede die bevordering van Sargant se ideaal. Die hoofdoel van die skole was om die Hollandssprekende kinders Engels te leer en sodoende die gebruik van die oorwinnaar se taal onder die opkomende geslag van Boere in die twee nuwe kolonies van Transvaal en Oranje-Vrystaat te bevorder.(2)

Die vernaamste moeilikhede in die weg van die oprigting van 'n skool was die gebrek aan geskikte akkomodasie, meubels, materiaal, sitplekke, kaste, ens.(3) Daar was ook gebrek aan opgeleide onderwysers wat die werk

sou/

-
- (1) a. Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 5.
 b. Malherbe: Education in South Africa, 298.
 c. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.

(2) Symington: Ibid., 9.

- (3) a. Ibid., 11.
 b. Gregory: Die Stryd om Tweektaligheid op die Witwatersrand soos weerspieël in die Johannesburgse "Star" 1899 - 1914, 26 - 28.

sou verrig, na die mening van die owerheid. Die vyandige gevoel teenoor die oorwinnaar het die skoolbesoek belemmer, daar skoolbesoek nie verpligtend was nie. Omdat die skole Engels georiënteer was, het sommige ouers hul kinders verbied om daarheen te gaan. 'n Ander groot moeilikheid in die pad van die skole was die siekte wat onder die kinders in die kampe geheers het.(1)

Teencor die moeilikhede moet ons ook een voordeel in aanmerking neem, nl. dat die onderwys vir die kinders 'n besondere seën was, want nou het hulle nie meer nodig gehad om hul kosbare tyd aan Hollands te mors wat vir hulle 'n vreemde taal was en min gebruik is nie. Volgens „The Star" kon die kinders, hoofsaaklik in Johannesburg, nou 'n taal aanleer wat as die sleutel tot sukses op die Rand in die latere lewe beskou is, 'n taal wat vir hulle oor die hele wêreld van waarde sou wees.(2)

(e) Die Kampschool in Johannesburg.

Met die stigting van skole in kampe is die organiserende adviseurs toestemming verleen om 'n onkoste van £40 vir die eerste maand en daarna £25 per maand aan te gaan.(3)

In Mei 1901 is 'n kampschool op die verhoog van die reisesbaan gestig, 'n struktuur van 75 voet by 75 voet.(4) Later is daar „marquee" of offisierstente bygevoeg.(5)

Die/

-
- (1) Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, 239.
(Jesse Brandon - Algemene Superintendent, 6 Junie 1901)
- (2) a. Star, 15 Februarie 1902.
b. Gregory: Die Stryd om Tweetaligheid op die Witwatersrand soos weerspieël in die Johannesburgse Star" 1899 - 1914, 26.
- (3) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 14.
- (4) Cd 819, 105.
- (5) Cd 893, 110.

Die skool het onder die leiding van 'n heer Le Roux begin, met vyf onderwysers. In Junie was daar 310 leerlinge,(1) 'n getal wat vinnig tot 491 in Julie gegroei het(2) en tot 700 in September.(3) Die heer Le Roux is deur die eerwaarde Davis as hoof vervang wat self die tente besoek en ouers aangemoedig het om hul kinders skool toe te stuur. Die skool het gegroei sodat nege personeellede nodig was en eerw. Davis het ook hand met die maak van banke bygesit.(4)

In Julie, twee maande na die stigting van die skool, het gemiddeld 421 van die 491 leerlinge die skool gereeld besoek.(5) In Augustus is aangedui dat 525 van die 635 leerlinge in die skool gereeld skool toe gekom het. Die groot skool het net 'n hoof en agt onderwyser gehad, waarvan sewe Hollandssprekend was.(6) In September het 592 van die 709 leerlinge gereeld skool toe gekom, terwyl die hoof net een hulponderwyser bygekry het.(7) Die „Committee of Ladies" het toestande gevind soos beskryf deur eerw. Davis en opgemerk is dat ouers voorheen beïnvloed is om hul kinders nie na die skool te stuur nie, maar dat dit nie meer die geval is nie.(8) In Oktober
het/

(1) Ongekatalogiseerde leërs in Leyds Argief wat die maandelikse rapporte en ander verslae van die konsentrasiekampe bevat.

a. Maandrapport Junie 1901.
b. Cd 893, 110.

(2) a. LA Maandrapport, Julie 1901.
b. Cd 893, 110.

(3) a. LA Maandrapport, September 1901,
b. Cd 893, 110.

(4) Cd 893, 110.

(5) a. LA Maandrapport, Julie 1901.
b. Cd 819, 243.

(6) LA Maandrapport, Augustus 1901.

(7) a. LA Maandrapport, September 1901. Gemiddeld moes elke onderwyser omtrent 70 leerlinge elk gehad het.
b. Cd 853, 26.

(8) Cd 893, 113. Report on Burgher Camp, Johannesburg, 26 - 27 Sept. 1901.

het die getalle heelwat gedaal toe net 554 van die 628 leerlinge die skool bygewoon het,(1) maar November het aangedui dat om een of ander rede die leerlinggetal 'n skielike sprong gemaak het. Die leerlinge het nou tot 807 vermeerder, waarvan 707 gereeld skool toe gekom het.(2) Desembermaand het aangedui dat die oorlog sy einde nader, omdat 861 leerlinge die skool besoek het.(3) Klimaatstoestande in Johannesburg het dit nodig gemaak dat 'n geskikter lokaal as die offisierstente en die paviljoen vir die skool verkry moes word.(4) Die paviljoen het skuiling teen wind en reën verskaf, maar nogtans is die kinders se aandag van hul werk afgetrek. Dit was onmoontlik vir 'n klas om diktee te hoor. As dit 'n winderige dag was, het die onderwyser gevind dat hy die kinders nie kon onderrig nie, omdat almal hom nie kon hoor nie. Die offisierstente, gebruik vir die kleiner kinders, was ongeskik vir die doel, daar meer as een klas in die tent onderrig moes word. Daar is voorgestel dat 'n sinkgebou vir 'n skool opgerig behoort te word.(5)

Net na die nuwe skooljaar begin het, is op 14 Februarie 'n aparte skool in die kamp vir die kinders van lede van die kamppersoneel gestig. Dit is algemeen besef dat dit nog lank sou duur voordat 'n skool in die nabyheid van die kamp vir die kinders opgerig sou word. Gedurende Februarie 1902 het 119 van die leerlinge na Natal vertrek, maar omdat die kamp nog 500 siele van Krugersdorp verwag het, is die personeel van die skool nie verminder/

(1) a. Cd 902, 75.
b. LA Maandrapport, Oktober 1901.

(2) LA Maandrapport, November 1901.

(3) LA Maandrapport, Desember 1901.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

verminder nie. Die onderwysers, van wie vier gesertifiseerd was, het goed saamgewerk. Hulle is eenmaal 'n week deur die hoof i.v.m. hul pligte ingelig, sodat beter werk gelewer kon word. Die leerlinge het taamlik gereeld skool toe gekom, maar om die vordering te handhaaf, was moeilik, omdat hul ouers óf werk vir hulle gehad het óf hulle nie van doeltreffende klere kon voorsien nie.(1)

Die sanitêre inspekteur van die kamp het met die hoof saamgestem in verband met die ondoeltreffendheid van die paviljoen en het aangedui dat geboue in samewerking met die Onderwysdepartement opgerig sou word.(2) In April was die skrynwerker nog met die geboue besig. Twee daarvan was byna voltooi en daar is verstaan dat agt van die groot sinkgeboue opgerig sou word. Die kinders het blykbaar uit die kamp begin vertrek, omdat daar aanbeveel is om net vier in plaas van agt te bou.(3) In Junie is die kamers voltooi maar weer is aangedui dat die leerlinge verminder.(4) Die oorlog was verby en stadigaan het die aantal inwoners van die burgerkamp minder geword. In Julie was net twee van die vier klaskamers, wat opgerig is, in gebruik en die hoof en drie lede van die personeel is na elders deur die Onderwysdepartement verplaas.(5) In Julie is die burgers wat in Johannesburg woonagtig en in die kamp geïnterneer was, met rantsoene vir dertig dae huis toe gestuur.(6) Die hoof van die kamp het gereken dat daar na die einde van Augustus net omtrent 100 tot 150 siele in die kamp sou wees, wat ondersteuning en

akkommodasie/

(1) LA Maandrapport, Februarie 1902.

(2) Ibid.

(3) LA Maandrapport, April 1902.

(4) LA Maandrapport, Junie 1902.

(5) LA Maandrapport, Julie 1902.

(6) Star, 4 Julie 1902.

akkommodasie nodig sou hê.(1) Daar is niks oor die skool geskryf nie, sodat ons kan aanneem dat die skool feitlik verdwyn het toe die hoof, eerw. Davis, in Julie verplaas is. Daar is geen melding gemaak dat die skool na die wintervakansie weer sou begin nie. In Oktober is reëlings getref om die kamp te sluit wat wel op 10 November 1902 gebeur het.(2)

(f) Die Werk van die Kampskool.

Met die uitbreek van die oorlog het die hele onderwysstelsel van die Republiek in duie gestort. Tydens die duur van die oorlog is baie onderwysers saam met ander dele van die bevolking na kampe vervoer, terwyl ander in verowerde dorpe gaan woon het nadat hulle die eed van getrouheid afgelê het.(3)

Al die kinders van die kampskool het nie die Britse onderwys as 'n voorrêg beskou nie. Min vyandigheid is egter teen die gebruik van Engels in die kampskole aangetref.(4) Die mans wat hulle in kampe bevind het, was moeg vir die stryd en het gevind dat, hoe besadigder hulle hulle gedra het, hoe makliker hulle posisies by die uitdeel van kos en ander voorregte gekry het. Ander weer wat familieledede gehad het wat óf in ballingskap verkeer het óf nog geveg het, het die onderwys van die hand gewys.(5)

Die onderwysers wat in die kampe gewerk het, het

maar/

(1) LA Maandrapport, Augustus 1902.

(2) LA Maandrapporte, Oktober en November 1902.

(3) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat, 58.

(4) Star, 19 Januarie 1902.

(5) Gregory: Die Stryd om Tweetaligheid op die Witwatersrand soos weerspieël in die Johannesburgse "Star", 1899 - 1914, 27.

maar 'n skraal loon ontvang. Ongesertifiseerde onderwysers het £4.0.0 en gesertifiseerdes £5.0.0 per maand met rantsoene ontvang.(1) Die eerste ingevoerde onderwysers het op 5 Januarie 1902 met die „Arundel Castle" aangekom.(2) Skole het min vir die verstandelike ontwikkeling of karaktervorming van die kind in die kamp gedoen, omdat die onderwysers nie die Afrikanerkind verstaan het nie. Gesaghebbendes het hierdie fout besef en gevoel dat Afrikaanse onderwysers hulle makliker sou kon aanpas.(3) Alhoewel die kampskele nie lank bestaan het nie, is daar verwag dat die onderwys wat daar geniet is, sy invloed sou laat geld.(4)

(i) Leerplan: Die kode van die destydse Kaapse skole is vir die kampskele as basis geneem met klein afwykings om by die kamptoestande aan te pas.(5) Slegs die elementêrste vakke is onderrig, nl. lees, skryf en reken, Bybel, Engels, sang en liggaamsoefeninge. Later is ander vakke soos teken, naaldwerk en aardrykskunde bygevoeg.(6) Die medium was uitsluitlik Engels.(7) Die feit dat die leerlinge geen of min Engels geken het, was geen grondige rede waarom hulle in Hollands moes aangespreek word nie. Volgens die beginsels van onderwys is gepoog om die kind die nuwe klanke te laat verstaan, sowel as die atmosfeer van die nuwe taal te laat aanvoel.(8)

(ii) Metode/

(1) Symington: Die Konsentrasiekampskele in die Transvaal en die Oranje Vrystaat, 58.

(2) a. Ibid., 62.
b. Star, 4 April 1902.

(3) Ibid.

(4) Star, 7 Mei 1902.

(5) Cd 549, 71.

(6) Cd 819, 208.

(7) Cd 549, 71.

(8) Ibid.

(ii) Metode van Onderrig. Die meeste kinders in die kampe was in die grade en min het dit in hul kampskoolloopbaan van uiters 18 maande veel verder gebring. In die meeste kampskole was standerd III die hoogste klas.(1) Onderrig in alle vakke was hoofsaaklik mondeling, want skryftafels, sitplekke, skryfgereedskap en boeke was skaars.(2) Die aantal leerlinge per onderwyser was so groot dat nie veel individuele aandag aan leerlinge gegee kon word nie.(3)

(iii) Rooster. Om by die kamporganisasie te pas, het die skooldag uit twee sessies van twee uur elk bestaan, plus 'n halfuur Godsdiensoonderrig in die oggend.(4) Vakansies is in April, Julie, Oktober en Desember toegestaan.(5)

(iv) Skoolbesoek. Die skoolbesoek in kampe was vrywillig, maar die hoof en personeel het die tente van die inwoners besoek en ouers aangemoedig om hul kinders na die skool te stuur.(6) Die skoolbesoek in die kampskool was oor die 80% van die totale aantal leerlinge wat vir die groter deel van die bestaan van die skool ingeskryf is. In Johannesburg het J. Robinson 'n poging aangewend om die skoolbesoek te verbeter deur die leerlinge te onthaal en springtoue, balle en ander apparaat vir speletjies aan die kinders uit te reik wat die skool gereeld bygewoon het.(7) Skoolbesoek is nadelig beïnvloed omdat/

(1) Symington: Die Konsentrasiekampskele in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 19.

(2) Ibid., 22.

(3) Ibid., 23.

(4) Cd 549, 72.

(5) Symington: Ibid., 22.

(6) Cd 893, 110.

(7) Symington: Ibid., 28.

omdat dit nie verpligtend was nie. Die meeste kinders het voor die oorlog nie lank skool gegaan nie omdat toestande moeilik was en fasiliteite swak. Die ouers het nie lus gevoel om gunste van die vyand te ontvang nie en die vyandige gevoel is verder aangewakker deur die kwasi-militêre oefeninge wat die kinders tydens liggaamsoefeninge gedoen het. Die ouers het gedink dat hul kinders as soldate opgelei word.

Wat die taalmedium betref, wou baie ouers eers sien of Engeland die oorwinning sou behaal voor hulle hul kinders skool toe stuur. Die vreemde godsdienstige liedere het die ouers ook nie aangestaan nie.(1)

Werk het baie kinders uit die skool gehou (beide wat die inskrywing en besoek betref). Moeders het die oudste kinders vir die versorging van die jongeres nodig gehad. Die organisasie i.v.m. die uitdeling van rantsoene was gewoonlik swak. Moeders het nie tyd gehad om te staan nie, en het hul rantsoenkaarte aan groot kinders gegee om die rantsoene te ontvang.(2)

Siekte en dood was die vernaamste rede vir die ongereelde skoolbesoek, terwyl swak kleding en die koue ook redes was. Die toestand van onrus, opgewondenheid en ontwrigting wat deur die oorlog teweeggebring is, het die inwoners van die kampe beïnvloed om nie hul kinders skool toe te stuur nie.(3)

5. Sargant se Werk Tydens die Oorlog.

Sargant het na hy in Suid-Afrika aangekom het,

probeer/

(1) Cd 549, 71.

(2) Cd 893, 39 en 110.

(3) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat, 30 - 34. Die faktore wat aangegee is deur Symington is muta mutatis andis ook van toepassing op die konsentrasiekamp in Johannesburg.

probeer om hom op hoogte te stel wat die onderwysbenodigdhede van die verowerde gebied was. Reëlins is getref om twee adviseurs, John Robinson in Johannesburg en dr. W. MacFadyen in Pretoria aan te stel.(1) Robinson het in Desember die toestande nagegaan en as gevolg van sy rapport het Sargant opgetree om skole te stig. In Junie 1901 was daar skole in Pretoria en Johannesburg. Die kennis wat Robinson van die Rand gehad het, het hy waardevol gevind. Na die inname van Johannesburg is burgers toegelaat om na hulle families terug te keer as hulle die nodige eed afgelê het, met die gevolg dat hul kinders die bestaande skole gevul het. Die vermeerdering het gegroei, totdat die depressie, wat in die nywerheid bestaan het, die aankoms van verdere bevolking stopgesit het.(2) In Johannesburg was werk, terwyl daar in die klein dorpie en op plase niks te doen was nie.

Die eerste sekondêre skool in Johannesburg was die „Cleveland High School for Girls." Aan die begin van 1902 is 'n seunskool, bekend as „Johannesburg College", opgerig.

Toe Sargant geskikte personeel gesoek het, het hy gevoel dat hy hoofde sowel as onderwysers moes invoer. Hy meld in sy aansoek om twaalf hoofde vir die skole in die kampe in te voer: „in several cases we have been obliged to employ persons of Dutch extraction as headmasters. However carefully these men may be watched by my organising inspectors, I cannot feel certain that they are imparting the right tone to the schools under their charge/

- (1) a. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode, 1900 - 1907, 5.
 b. Col. Sec. 64, 936/02, E.B. Sargant - Davidson, 28 Jan. 1902.
 c. Report of the Director of Education, 1900 - 1904, 5.
- (2) Report of the Director of Education, 1900 - 1904, 14.

charge."(1)

In Junie 1901 is ondersteuning aan die skole met Hollands as voertaal geweier, asook die wat hulp van Holland ontvang het.(2) Die onderwys in goewermentsskole in die stad was in alle opsigte dieselfde as in die kampskole. Die kinders was in baie gevalle Hollandssprekend, en die onderwysers was gedeeltelik plaaslike rekrute en gedeeltelik uit Brittanje en ander Britse kolonies afkomstig.(3) Die salarisse en diensvoorwaardes by die kampe en dorpe was presies dieselfde, en dikwels het dit gebeur dat onderwysers van die kamp na die dorpskole verplaas is en andersom.(4)

Alhoewel die regeringsonderwys gedurende die oorlog op kampskole, toegespits was, is daar tog ook in die stadskole gestig. Sargant was van plan om twee onderwysstelsels in te voer. Een stelsel sou vir die gemengde bevolking van Johannesburg geskik wees en die ander vir die uitgespreide Boerebevolking.(5) Verder het hy planne beraam om weer skoolkommissies in te stel, die lede waarvan aangestel en nie gekies sou word nie. Sodra daar in stede soos Johannesburg 'n gekose stadsraad sou bestaan, sou hulle meehelp om skoolrade te vorm. Die helfte van die skoolraadslede moes deur die Goewerneur-in-rade en die ander helfte deur die stadsraad benoem word. Waar die skoolraad die soggenskap oor die laer onderwys sou kry, sou die hoër onderwys onder die beheer van die sentrale administrasie/

(1) Sec. Tvl. Adm. 5445, E.B. Sargant - Sec. of Transvaal Administration, 14 Okt. 1901.

(2) Report of the Director of Education, 1902, C 6.

(3) a. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode, 1900 - 1907, 50.
b. Malherbe: Education in South Africa, 299.

(4) Symington: Op cit.

(5) Report of the Director of Education 1901, 8.

administrasie bly.(1)

Sargant was 'n voorstander van gratis laer onderwys vir Transvaal, hoewel hy van die feit bewus was dat die bevolking aan 'n stelsel van gesubsidieerde onderwys gewoond was. Sy vernaamste rede skyn te wees dat vryskole 'n voorsprong op die privaatskole van die Afrikaners sou hê, en op die wyse die kinders lok.(2) Tog het hy gevoel dat daar ook 'n aantal „feepaying” skole vir die kinders van die welgesteldes moes wees. Hulle moes min of meer die plek van die Engelse „Public School” inneem en goeie onderwysfasiliteite verskaf. Die Regering moes dan ook £6.0.0 per leerlinge per jaar (die bedrag wat 'n kind op die vry laerskool sou kos) vir die onderwys van hierdie kinders bydra. Hier het hy met twee maatstawwe gemeet. Skole met Hollands as medium mog geen staatsubsidie ontvang nie, maar Engelse „feepaying” skole kon wel bostaande toelae kry.(3) Verder is besluit dat geen ondersteuning aan Engelse kerkskole verleen kon word nie, ander sou diselfde voorregte aan die skole van die Hollandse kerke toegestaan moes word.(4) In Desember 1902 was daar vyf skole wat skoolgeld gehef het, met 413 leerlinge met 'n gemiddelde skoolbesoek van 86.4%. Daar was ook negentien vry laerskole met 4,947 leerlinge met 'n gemiddelde skoolbesoek van 85.8%.(5)

Sargant het dus sy werk verrig en Milner was bly om hom te hê. Hy sê van hom: „The education, under Sargant, is going like a house on fire. Sargant has no idea of red
tape/

(1) Report of the Director of Education 1901, 13.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Transvaal Administration Report, 1902, C 7 - 8.

tape - too little - but he is a genius as an educationalist, and worth his weight in gold."(1)

6. Opvoeding van die Afrikaner in die Stad.

Die godsdiensverslae wat deur die Verenigde kerk aan die Ring in 1903 oor die toestand van die gemeentes tydens die oorlog ingedien is, gee ons 'n insig van die opvoedkundige werk van die Afrikaners tydens die oorlog.

Die saak van die opvoeding van die Hollandssprekende kind het na die Britse besetting in Johannesburg gely, omdat skole met Hollands as voertaal nie aangemoedig is nie. Onderwys is uit die hande van die kerk en ouers deur die nuwe Regering geneem. Uit gebrek aan privaat-skole, waar die landstaal (Hollands) onderrig word, is die ouers van die gemeente Johannesburg-Oos verplig om óf hul kinders alle skoolgaan te ontsê, óf hulle na die verowerde en tans verengelste skole te stuur. Sommige ouers het egter van die Rooms-Katolieke en Duitse skole gebruik gemaak, omdat hulle nie onder die kontrole van die Departement van Onderwys was nie.(2)

Die kerkraad van die gemeente Fordsburg het voor 'n muur gestaan wat onderwys betref. Graag sou hulle iets gedoen het, maar die nodige middele het ontbreek. Die gemeente het deur opoffering en toegewydheid geslaag om 'n skool met oor die 260 kinders gedurende die oorlog aan die gang te hou. Hoe om die werk nie te laat ophou nie en hoe om die skool wat £1,200 per jaar nodig het om lopende uitgawe te dek, aan die gang te hou, was vir hulle nie duidelik nie. Ook sou 'n gebou opgerig moes word as die

werk/

(1) Milner Papers, Deel II, 316 Milner - Chamberlain, 6 April 1902.

(2) Godsdiensverslag van die Ned. of Geref. Gemeente, Johannesburg-Oos, 1889 - 1902. get. 27 Jan. 1903.

werk moes voortgaan. Om aan die nuwe stelsel deel te neem, het die gemeente onmoontlik gevind.(1)

Die Langlaagte-gemeente het ook gekla dat weens die gedurige afwesigheid van die vaders en die ander eienaardighede in verband met die ouers op die goudvelde, die opvoeding van die Afrikaanse kind ten seerste verwaarloos word, terwyl die skoolgaan nog alles te wens oorlaat. Daar was 'n skool vir die weeskinders, origens was die skole Regeringsskole.(2) In die skool vir weeskinders was 270 leerlinge.(3)

In Jeppestown het 'n gesubsidieerde skool voor die oorlog bestaan, wat aan die begin van die vyandighede gesluit is. Weer is dit in Januarie 1900 geopen, en het tot die Britse besetting voortbestaan. Kort na die besetting van die stad deur die Britse troepe is daar weer 'n skool geopen wat deur ongeveer 120 kinders bygewoon is. Op las van die outoriteite moes die skool gesluit word.(4) Die skool is deur die Engelse geopen.(5) Die kerk het gevoel dat iets moes gebeur, want om die nuwe Engelse skole te steun, daarvoor het hulle nie lus gehad nie. Die stremming wat geheers het, het uiting in die C.N.O. beweging gevind.

7. Samevatting.

(a) Die Verklaring van Oorlog.

Met die naderende oorlog het vrees ontstaan wat die
uitlander/

(1) Godsdienstverslag van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Fordsburg 1899 - 1902.

(2) Godsdienstverslag, Langlaagte 1899 - 1902.

(3) Toestand van die gemeente, Langlaagte 1902.

(4) Godsdienstverslag, Jeppestown 1899 - 1902.

(5) Toestand van die gemeente, Jeppestown 1899 - 1902.

uitlander en selfs sommige Hollandssprekendes na veiliger landsdele laat verhuis het. Die uitlanders wat dit kon bekostig, het vertrek. Engelse kerk- en privaatskole is deur die vertrek van leerlinge beïnvloed, sodat hulle genoodsaak was om hul deure te sluit. Die staat- sowel as die ondersteunde skole is deur die Onderwysdepartement gewaarsku om hul werk te staak. Op enkele na het hulle reeds voor die oorlogsverklaring gesluit en tot die begin van 1900 gesluit gebly. Die Hollandssprekende onderwysers het hul vir oorlogdiens beskikbaar gestel, terwyl van die Engelse onderwysers vertrek het. Skoolgeboue is deur die Regering as provianddepôts gebruik en onderwysers het met die reëlins vir rus en orde in Johannesburg gehelp. Toe daar weer aan die begin van 1900 kalmte geheers het, is skole heropen. Gedurende die oorlog het skole gereël deur die kerkgemeenskappe sowel as die Duitse skool oopgebly.

(b) Die Oorgawe van Johannesburg.

Met die oorgawe van Johannesburg het 'n einde aan alles wat Hollands was gekom. Die Engelse administrasie het die waarde van onderwys as deel van sy beleid besef. 'n Direkteur van Onderwys is aangestel om dié sy van die administratiewe werk te behartig. John Robinson van die „Council of Education" is teen die einde van 1900 opgedra om die nodige organiseerwerk vir die nuwe Onderwysdepartement in Johannesburg te doen. In samewerking met Sargant is skole in sommige woonbuurte van Johannesburg opgerig. Op uitnodiging van Sargant het mej. F. Buckland na Johannesburg teruggekeer en weer haar hoërskool vir meisies geopen. Dit was die eerste hoërskool hoërskool in Johannesburg onder staatsbeheer.

(c) Kampskool.

Met die ontstaan van 'n burger- of konsentrasiekamp/

kamp in Johannesburg was die oprigting van 'n skool onontbeerlik. Die skool is op die paviljoen van die reisiebaan geopen. Later is sink- en houtkamers opgerig. Dit was doeltreffender, omdat dit aan die leerlinge in tye van ongunstige weer, skuiling aangebied het. Die skool is weer gesluit nadat die oorlog beëindig is, en die kampbewoners na hul tuistes vertrek het.

(d) Onderwysdepartement, Johannesburg.

Johannesburg, wat die sentrum van die uitlanderbelange in die Transvaal was, het die administratiewe hoofstad geword tydens die eerste deel van die oorlog. Tot tyd en wyl 'n onderwysdepartement aan die begin van 1903 volgens wet in die lewe geroep kon word, het die skole in Johannesburg onder die beheer van die Onderwysdepartement van Johannesburg ressorteer.

Sargant het 'n poging aangewend om Johannesburg van skole te voorsien, sodat hy sy beleid van verengelsing kon voortsit.

-----oooOooo-----